Hertzogstraat / Street 24,
P/sak - P/bag X 3
**HARTSWATER**
8570

053 474 9700
053 474 1768
www.phokwane.gov.za

# PHOKWANE

**MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT**

**Our Ref. / Ons Verw.:**

**Your Ref. / U Verw.:**

# LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL PROPERTY RATES ACT, 2004 (ACT 6 OF 2004)

## SECTION 49 AND 50 NOTICE: GENERAL VALUATION ROLL OPEN FOR INSPECTION

Hertzogstraat / Street 24,
P/sak - P/bag X 3
HARTSWATER
8570

☎ 053 474 9700
053 474 1768
www.phokwane.gov.za

# PHOKWANE

MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

**Our Ref. / Ons Verw.:** **Your Ref. / U Verw.:**

**OPENBARE KENNISGEWING VAN WAARDASIELYSTE**

49. (1) Die waardeerder van 'n munisipaliteit moet die gesertifiseerde waardasielys aan die munisipale bestuurder voorlê, en die munisipale Bestuurder moet **binne 21 dae na ontvangs** van die lys –

(a) 'n kennisgewing in die voorgeskrewe vorm in die Provinsiale Koerant publiseer, **en een keer per week vir twee opeenvolgende weke** in die media adverteer, waarin –

(i) vermeld word dat die lys vir die publiek ter insae lê vir 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, wat minstens 30 dae na die datum van publikasie van die laaste kennisgewing moet wees; en

(ii) elke persoon wat 'n beswaar ten opsigte van enige aangeleentheid in, of weggelaat uit, die lys wil aanteken, genooi word om dit op die voorgeskrewe wyse binne die vermelde tydperk te doen;

(b) die kern van die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel, aan die plaaslike gemeenskap bekend maak ingevolge Hoofstuk 4 van die Munisipale Stelselswet; en

(c) 'n afskrif van die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel, per gewone pos of, indien gepas, ooreenkomstig artikel 115 van die Munisipale Stelselswet, aan elke eienaar van eiendom in die waardasielys gelys beteken, tesame met 'n uittreksel uit die waardasielys rakende daardie eienaar se eiendom.

(2) Indien die munisipaliteit 'n amptelike webwerf het of 'n ander webwerf tot sy beskikking het, moet die kennisgewing en die waardasielys ook op daardie webwerf gepubliseer word.

**INSAE IN EN BESWARE TEEN WAARDASIELYSTE**

50. (1) Enige persoon kan, binne die tydperk vermeld in die kennisgewing in artikel 49(1)(a) bedoel –

(a) gedurende kantoorure insae in die lys verkry;

(b) teen betaling van redelike gelde, die munisipaliteit versoek om gedurende kantoorure uittreksels uit die lys te maak; en

(c) 'n beswaar by die munisipale bestuurder indien teen enige aangeleentheid wat in die lys weerspieël word of daaruit weggelaat is.

(2) 'n Beswaar ingevolge subartikel (1)(c) moet op 'n spesifieke individuele eiendom betrekking hê en nie op die waardasielys as sodanig nie.

(3) 'n Munisipale bestuurder moet 'n beswaarmaker bystaan om 'n beswaar aan te teken indien daardie beswaarmaker nie kan lees of skryf nie.

(4) 'n Munisipale raad kan ook 'n beswaar by die betrokke munisipale bestuurder aanhangig maak teen enige aangeleentheid wat in die lys weerspieël word of daaruit weggelaat is. Die munisipale bestuurder moet die raad in kennis stel van enige aangeleentheid wat in die lys weerspieël word of daaruit weggelaat is wat die belange van die raad raak.

(5) 'n Munisipale bestuurder moet, **binne 14 dae** na die einde van die tydperk vermeld in die kennisgewing in artikel 49(1)(a) bedoel, alle besware aan die munisipale waardeerder voorlê, wat onverwyld oor die besware moet besluit en dit moet afhandel ingevolge artikel 51.

(6) Die indiening van 'n beswaar verleen nie uitstel van aanspreeklikheid vir betaling van belasting na die vasgestelde datum vir betaling nie.

Z NIKANI
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Hertzogstraat / Street 24,
P/sak - P/bag X 3
**HARTSWATER**
8570

☎ 053 474 9700
053 474 1768
www.phokwane.gov.za

UNITY CONQUERS

# PHOKWANE

**MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT**

**Our Ref. / Ons Verw.:** **Your Ref. / U Verw.:**

**PUBLIC NOTICE OF VALUATION ROLLS**

**49. (1)** The valuer of a municipality must submit the certified valuation roll to the municipal manager, and the municipal manager must **within 21 days of receipt** of the roll-

(a) publish in the prescribed form in the provincial Gazette, and **once a week for two consecutive weeks** advertise in the media, a notice
(i) stating that the roll is open for public inspection for a period stated in the notice, which **may not be less than 30 days** from the date of publication of the last notice; and;
(ii) inviting every person who wishes to lodge an objection in respect of any matter in, or omitted from, the roll to do so in the prescribed manner within the stated period;

(b) disseminate the substance of the notice referred to in paragraph (a) to the local community in terms of Chapter 4 of the Municipal Systems Act; and

(c) serve, by ordinary mail or, if appropriate, in accordance with section 115 of the Municipal systems Act, on every owner of property listed in the valuation roll a copy of the notice referred to in paragraph (a) together with an extract of the valuation roll pertaining to that owner's property.

**(2)** If the municipality has an official website or another website available to it, the notice and the valuation roll must also be published on that website.

**INSPECTION OF, AND OBJECTIONS TO, VALUATION ROLLS**

**50. (1)** Any person may, within the period stated in the notice referred to in section 49

(a) inspect the roll during office hours;
(b) on payment of a reasonable fee, request the municipality during office hours to
(c) lodge an objection with the municipal manager against any matter reflected in,

**(2)** An objection in terms of subsection (l)(c) must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

**(3)** A municipal manager must assist an objector to lodge an objection if that objector is unable to read or write.

**(4)** A municipal council may also lodge an objection with the municipal manager concerned against any matter reflected in, or omitted from, the roll. The municipal manager must inform the council of any matter reflected in, or omitted from, the roll that affects the interests of the municipality.

**(5)** A municipal manager must, **within 14 days** after the end of the period stated in the notice referred to in section 49 (1) (a), submit all objections to the municipal valuer, who must promptly decide and dispose of the objections in terms of section 51.

**(6)** The lodging of an objection does not defer liability for payment of rates beyond the date determined for payment.

Z NIKANI
**ACTING MUNICIPAL MANAGER**

## 2019 GENERAL VALUATION ROLL FOR PHOKWANE MUNICIPALITY

Notice is hereby given in terms of section 49 (1) (a) (i) of the Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the "Act," that the 2019 General Valuation Roll for the period starting 1 July 2019 – until the next general valuation roll is produced - is open for public inspection from 9 May 2019 until 20 June 2019.

In terms of Section 49(1) (a) (ii) of the Act, any property owner or other person who so desires may lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the General Valuation Roll within the abovementioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as a whole

Owners will be notified of their valuations in writing at the postal address held on the Municipality's database.

The General Valuation Roll for 2019 is available on www.phokwane.gov.za and at any of our venues below.
You may view your property valuation and submit a well-motivated objection (on the official objection form) by no later than 30 June 2019 against any matter in, or omitted from, the roll.

The forms for the lodging of objections are obtainable at the venues below

**NO LATE OBJECTIONS WILL BE ACCEPTED**

Completed objection forms can be submitted at:

Phokwane Municipal Offices in:
- Hartswater
- Jan Kempdorp
- Ganspan
- Pampierstad Library

Email:tshenkeng@phokwane.gov.za
Post: Private Bag X3
Hartswater
8570

## 2019 ALGEMENE WAARDASIELYS VIR PHOKWANE MUNISIPALITEIT

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 49(1)(a)(i) van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, hierna die "Wet" genoem, dat die waardasielys vir die tydperk wat op 1 Julie 2019 begin – tot die volgende algemene waardasielys saamgestel word – vanaf 9 Mei 2019 tot 20 Junie 2019 ter openbare insae beskikbaar is.

Ingevolge artikel 49(1)(a)(ii) van die Wet kan enige eiendomseienaar, of ander persoon wat wil, binne die voorgeskrewe tydperk 'n beswaar by die munisipale bestuurder indien oor enige saak wat op die waardasielys verskyn of weggelaat is.

Aandag word spesifiek gevestig op artikel 50(2) van die Wet waarvolgens 'n beswaar teen 'n spesifieke individuele eiendom ingedien moet word en nie teen die waardasielys as 'n geheel nie

Eienaars sal skriftelik van hul waardasies in kennis gestel word by die posadres wat op die Munisipaliteit se databasis is.

Die algemene waardasielys is op www.phokwane.gov.za beskikbaar asook by enige van die onderstaande lokale.
U kan u eiendomswaardasie besigtig en 'n goed-gemotiveerde beswaar (op slegs die amtelike beswaarform) teen nie later nie as 30 June 2019 teen enige saak wat op die waardasielys verskyn of weggelaat is, indien.

Die vorms vir die indiening van besware is by die onderstaande lokale, verkrygbaar.

**GEEN LAAT BESWARE SAL AANVAAR WORD NIE**

Voltooide beswaarvorms kan ingedien word by:

Phokwane Munisipale Kantore in:
- Hartswater
- Jan Kempdorp
- Ganspan
- Pampierstad Biblioteek

E-pos:tshenkeng@phokwane.gov.za
Pos: Privaatsak X3
Hartswater
8570